NNNN
ZCZC 198 01621
AAHG16 FAME 040501
MP 077

M44/028 4/6/87

NUUSBRIEF - MEI 1987
++++++++++++++++++++
MARION-EILAND
++++++++++++

HIERDIE IS DIE EERSTE NUUSBRIEF VAN MARION 44 SE DOEN EN LATE OP MARION-EILAND. DIE DOEL HIERVAN IS OM DIE MENSE BY DIE HUIS (ONS FANCLUB) OP HOOGTE VAN SAKE TE HOU EN SOMMER OOK SO N BIETJIE VAN DIE EILAND SELF TE VERTEL.

MARION 44 BESTAAN TANS UIT TIEN SPANLEDE - AGT MANS WAT IN APRIL VANJAAR AFGEKOM HET EN TWEE MEISIES WAT REEDS SEDERT AUGUSTUS VERLEDE JAAR INWONERS VAN DIE EILAND IS.

DIE SPAN IS:

FRANK SOKOLIC - SENIOR WEERKUNDIGE. FRANK WERK VIR DIE WEERBURO EN WAS BY DIE LUGHAWE JAN SMUTS BUITE JOHANNESBURG GESTASIONEER. VOOR DIT WAS HY VIR TWEE EN N HALF JAAR LANK OP KURSUS IN PRETORIA.

HENNIE BARWISE - ASSISTENT WEERKUNDIGE. HENNIE HET BY DIE SAUK IN PRETORIA AS ELEKTRONIESE TEGNIKUS GEWERK.

ANDRE MEYER - ASSISTENT WEERKUNDIGE. ANDRE WAS BESTUURDER VAN N KLEREWINKEL OP FICKSBURG IN DIE VRYSTAAT VOORDAT HY MARION TOE GEKOM HET

HANS VOSLOO (VOSSIE) - RADIO TEGNIKUS. VOSSIE HET VERLEDE JAAR OP GOUGH-EILAND SPANDEER EN IS N STAANDE MAG LID VAN DIE S.A. LUGMAG.

GARY GUNNELL - MEDIESE ORDONNANS. GARY WAS OOK VERLEDE JAAR OP GOUGH-EILAND EN IS OOK N STAANDE MAG LID.

KRZYSZTOF POTRAWIAK (KRIS) - DIESEL WERKTUIGKUNDIGE. KRIS IS REEDS VYF JAAR WOONAGTIG IN PRETORIA NADAT HY IN 1979 UIT SY GEBOORTELAND, POLE, WEG IS.

JAN CRAFFORD - ENTOMOLOOG. JAN IS VERBONDE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA EN WAS REEDS VERSKEIE KERE OP DIE EILAND.

MARIETA CAWOOD - PLANTKUNDIGE. MARIETA IS VERBONDE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT IN BLOEMFONTEIN.

MARIANNA STEENKAMP - PLANTKUNDIGE. MARIANNA IS OOK VAN BLOEMFON= TEIN WAAR SY BY DIE UNIVERSITEIT WERK.

AL DRIE DIE WETENSKAPLIKES HET REEDS HUL MEESTERSGRADE VOLTOOI.

ANDRE JOUBERT - KOMMUNIKATOR. ANDRE IS VAN JOHANNESBURG WAAR HY BY DIE KOERANT BEELD GEWERK HET.

DIT IS NOU DAN DIE SPAN. HOU MAAR HIERDIE NUUSBRIEF, WANT HIER= VANDAAN GAAN ONS NET NOEMNAME IN DIE NUUSBRIEWE GEBRUIK.

DIE EERSTE DEEL VAN DIE MAAND WAS MAAR BAIE DOL. ONS, DIE OU SPAN, WETENSKAPLIKES EN DIE WERKSPAN WAS ALMAL HARD BESIG OM ONS ONDERSKEIE TAKE NA TE KOM EN OM BY DIE OU SPAN TE LEER HOE DINGE HIER OP DIE EILAND WERK.

ONS WAS BESLIS NIE BAIE HARTSEER TOE DIE S.A. AGULHAS OP 17 MEI NA KAAPSTAD VERTREK HET NIE. GOEIE VRIENDE IS EGTER GEDURENDE OORNAME GEMAAK EN OU KENNISSE IS WEER RAAKGELOOP.

DIE AFGELOPE TWEE WEKE OP ONS EIE WAS BY TYE MAAR DOL SOOS DAAR SKOONGEMAAK IS. NOU WORD DAAR ELKE WEEK N SKIVVY DAG GEHOU WAAR ELKEEN N GEDEELTE KRY OM SKOON TE MAAK. VERDER VANG ONS MUISE LAAT DIT KLAP.

DEEL TWEE VERVLOLLG...

NNNN
ZCZC 199 01621
AAHQ16 FAME 040502
MP 077

M44/028 DEEL TWEE VAN NUUSBRIEF

MET DIE KOSMAKERY GAAN DIT GOED, DANKIE. GEEN KLAGTES. ONS KOOK ELKE AAND, SO ELKEEN HET DUS ELKE TIENDE AAND N KOOKBEURT. ELKEEN MAAK KOS UIT DIE BOONSTE RAKKELEN ONS HET AL VAN BRAAIVLEIS TOT N CHINESE ETE MET CHOP STICKS EN AL GEHAD. GEDURENDE DIE DAG MAAK ELKEEN MAAR SELF VIR HOM KOS SOOS SY WERK SIT TOELAAT, MAAR SAANS SIT ONS SOOS N GROOT GESIN OM EEN TAFEL EN EET.

SO VIR DIE BEKOMMERDE MA S EN MEISIES. ONS EET GESOND - EINTLIK TE GESOND SOOS DIE SKAAL AL VIR DIE MEESTE VAN ONS GEWYS HET.

GEDURENDE MEIMAAND WAS DIT OMTRENT NET JAN EN DIE TWEE MEISIES WAT HEELWAT BUITE ROND BEWEEG HET. DIE DRIE MOET KORT-KORT MONSTERS GAAN VERSAMEL. WAT DIE RES BETREF, HET ONS NOG NIE VEEL VAN DIE EILAND GESIEN NIE, BEHALWE VOSSIE WAT REEDS OM DIE EILAND WAS EN ANDRE J. WAT NA KILDALKEY WAS.

DIE EILAND IS TANS MAAR BRA VERLATE, WANT DIE MEESTE PIKKEWYNE EN ROBBE HET ONS VERLAAT. HULLE SAL SO NA DIE WINTER WEER HULLE OPWAGTING MAAK.

DIT IS DAN AL VIR DIE MAAND. ONTHOU - LAAT DIE BRIEWE ROL NA MARION TOE, WANT DIT IS IETS WAARNA N IEDER EN N ELK UITSIEN.

WEERDATA VIR MEIMAAND

HOOGSTE TEMPERATUUR : 13,7 C
LAAGSTE TEMPERATUUR: -0,2 C
GEMIDDELDE TEMPERATUUR: 5,5 C
TOTALE RE ENVAL: 207,5 MM
HOOGSTE WINDSNELHEID: 162,0 KM/H
AANTAL SONSKYN URE: 88,3
GEMIDDELDE URE SONSKYN PER DAG: 2,8

NUUSBRIEF DEUR: ANDRE JOUBERT
WEERDATA DEUR: FRANK SOKOLIC

NNNN